## GEDENKPOSSEËLS VIR DIE INHULDIGING VAN DIE TWEEDE STAATSPRESIDENT

Op 31 Mei 1961, die groot dag van republiekwording van Suid-Afrika, het 'n nuwe stel posseëls vir daaglikse gebruik verskyn. Behoudens kleiner verskille en verbetering in ontwerp en kleur, is hierdie tipe seëls nog altyd in omloop. Die eerste staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika is in Pretoria ingesweer en dit is toepaslik beskou om ter herdenking van hierdie geleentheid 'n spesiale stempel te laat maak vir gebruik op daardie dag in Pretoria. Op hierdie stempel is die president se wapen afgebeeld en dit meld die woorde „Republiek van Suid-Afrika" en die datum.

Toe 10 April 1968 as die datum vasgestel is waarop die tweede president, mnr. J. J. Fouché, ingesweer sou word, is gevoel dat ook nou weer die gebeurtenis op posseëlgebied weerspieël behoort te word. 'n Heeltemal nuwe stel gebruikseëls sou nie aan die vereistes van die praktyk voldoen nie. Daarenteen sou die gebruik van net 'n spesiale stempel 'n bietjie karige indruk maak teenoor die oorvloedigheid wat sewe jaar gelede plaasgevind het. Die Poskantoor het tot die gevolgtrekking gekom dat dit daarom goed sou wees om besondere herinneringseëls uit te gee en om 'n spesiale stempel te gebruik op die dag van inswering. 'n Stel besondere seëls in Suid-Afrika bestaan gewoonlik uit twee waardes, 2½c en 12½c, en gevolglik is dit gerade geag om met die inhuldiging van die tweede staatspresident dieselfde beleid te volg.

Van die staanspoor af is daar egter besef dat, hoewel die seëls ook betrekking het op 'n vooraanstaande staatspersoon, hulle in geen opsig 'n ooreenkoms met die ontwerp van die Verwoerd-herinneringseëls moes vertoon nie. Die posseël-advieskomitee het aanvanklik gedink aan 'n portret op een seël, en die presidentswapen op die ander. Die Poskantoor het egter voorkeur gegee aan 'n portret op albei seëls en bowendien is die vereiste gestel dat albei seëls vertikaal moet wees.

Dit was dus wenslik dat 'n aantal goeie portrette van die aangewese staatspresident gemaak word en die komitee het aanbeveel om weer dr. I. Henkel vir hierdie doel te nader. Dr. Henkel is 'n erkende potretskilder van amptelike persone. Hy het o.a. die portrette van die Transvaalse administrateurs gemaak, wat in die Provinsiale Administrasiegebou in Pretoria hang. Dit was hy wat die portrette vir die Verwoerdseëls geteken het (kyk: *Historia*, 11de jrg., nr. 4, bl. 256 e.v.), en waarmee hy baie ervaring opgedoen het van wat vir 'n goeie posseël-ontwerp vereis word. Hy is op hoogte van die effek, en die gevare wat hulle kan voordoen wanneer 'n portret tot die afmeting van 'n posseëlbeeld verklein word. Bowendien is hy in Pretoria woonagtig en dus maklik bekombaar indien hy ten tye van die vervaardigingsproses deur die staatsdrukker benodig sou word.

Dr. Henkel het drie portrette van mnr. Fouché gemaak. Hiervan is die portret en profiel onmiddellik deur die advieskomitee aanvaar. Uit die orige twee portrette is 'n keuse gemaak, maar selfs hierdie portret het




*Gedenkposseëls vir die Inhuldiging van die Tweede Staatspresident.*

sekere probleme opgelewer wat eers nadat 'n aantal veranderinge aangebring is, o.a. in die skaduwees, verbeter het. Van die twee portrette bly die een wat op die 2½c seël afgebeeld is verreweg die beste.

Wat die letters en syfers betref, is weer eens van die beginsel uitgegaan van hoe minder en rustiger, hoe beter. Die letters R S A en die waardesyfers is in wit gehou teen 'n gekleurde agtergrond en hoewel dit aanvanklik bo-aan die seël geplaas is, is dit egter op albei seëls na die onderkant verskuif. Bo-aan die seël staan nou in klein letters die datum van inswering: 10 IV 1968, waarby die maand volgens gewoonte in Romeinse syfers aangedui is. Die kleure sepiabruin en blou-grys is 'n bietjie sterker en sprekender as wat die aanvanklike kleure was. Geen omraming van die beeld is gebruik nie; die kleure loop van die seël deur na die volgende een. Ten slotte is nadruklik besluit om geen naam of handtekening aan die portret toe te voeg nie, aangesien mnr. Fouché in Suid-Afrika redelik algemeen bekend is, terwyl die eerstedag-koeverte wel die nodige inligting bevat in soverre dit die buiteland betref. Internasionaal raak dit meer en meer in onbruik om die persoon se naam by 'n portret op posseëls te plaas. Wanneer die persoon en die geleentheid aan iemand onbekend is, is daar vir die werklik belangstellende ruimskoots

moontlikhede om die nodige inligting te bekom. W. F. van Reenen, die ervare tekenaar van die staatsdrukkery, is weer vir die tegniese ontwerpe verantwoordelik.

Op die eerstedag-koevert staan die volledig versierde wapen van die staatspresident, met die letters S P. Dit is opvallend dat die nommer „7" baie kleiner is as op die vorige amptelike herinneringskoeverte. Daar is gevoel dat dié nommer in die verlede 'n té prominente plek ingeneem het en dat daar in die toekoms ook aan hierdie kleiner afmeting gehou sal word.

Die ontwerp van die spesiale posstempel vir gebruik in Kaapstad is baie rustig gehou. Alleen die absoluut noodsaaklike word aangedui. Tradisiegetrou het die Poskantoor weer 'n kaartjie saam met die koevert uitgereik. Hierop staan teen 'n sagte rooi agtergrond die portret van die staatspresident en die inhuldigingsdatum. Op die agterkant is in Afrikaans en Engels 'n kort lewensbeskrywing van mnr. Fouché.

In alle opsigte maak die seëls 'n rustige en statige indruk, 'n voorkoms wat ideaal geskik is vir die doel waarvoor hulle uitgegee is.

Prof. F. G. E. Nilant.